

SORTEER JOU VERKEERSBOETES MAKLIK UIT

Verkeersboetes kan 'n nagmerrie wees om uit te sorteer. Om ongewenste en onaangename gevolge te vermy, hanteer **FINES4U** jou verkeersboetes vinnig, doeltreffend en wettig.

Niemand van ons oortree met opset die spoedgrens nie. Maar die lewe is so 'n gejaag en soms moet jy die petrol trap om betyds te wees om die kinders ná jou vergadering op te laai.

Verkeersboetes kan 'n groot kopseer wees en as jy nie daarvan weet nie, kan dit jou kanse belemmer om jou voertuiglisensie te hernieu ... Om nie eens te praat van boetes wat foutiewelik op jou naam beland het nie.

Laat 'n professionele span die administrasie behartig

Cornelia van Niekerk se grootste passie is om mense te help en ná 'n dekade in die onderwys, was sy reg vir 'n nuwe uitdaging.

Nadat haar man 'n verkeersboete gekry het waarmee hulle nie saamgestem het nie, het sy besluit om 'n aanklaer daarvoor te gaan sien.

Die afspraak het gesellig verloop en sy kon haar probleme uitstryk. Dit het haar laat beseef dat sy baie graag dieselfde vir ander mense sou wou doen.

Só het Fines4U ontstaan en oor die jare gegroei tot die beste in sy soort. Hulle staan kliënte by met professionele diens en raad, en uitdagings met die verkeersafdeling is sommer gou iets van die verlede.



Sorteer boetes van enige plek af uit

Fines4U het personeel regoor die land. Hulle tree op as middelman en sorteer die boetes, alle administrasie en papierwerk wat daarmee gepaard gaan vir individue en besighede uit.

Die span help jou nie net om tred te hou met jou boetes en dit maklik te betaal nie, maar skakel ook namens jou met aanklaers om boetes, wat teen die maksimum fooi uitgereik is, te verlaag of selfs te skrap as daar 'n geldige rede is.

Benewens boetes, kan hulle jou ook help om in net 'n paar maklike stappe jou voertuiglisensies te hernieu sonder dat jy fisiek in enige ry hoef te gaan staan.

Spaar op jou verkeersboetes en betaal dit maklik

Die onderneming het ook onlangs in 'n splinternuwe stelsel belê om kliënte vinnig en maklik te help, sonder dat hulle nodig het om êrens heen te ry.

Nadat onderhandelinge oor jou boete afgehandel is (waarvoor jy vir hulle skriftelike toestemming gee) en die bedrag

aangepas is, sal Fines4U vir jou 'n opgedateerde staat (van al jou uitstaande boetes) en faktuur stuur, wat ook hulle fooi insluit.

Sodra die bedrag dan aan hulle oorbetal is, sal hulle jou boete namens jou betaal en vir jou al die nodige papierwerk gee as bewys dat die saak afgehandel is.

Om 'n verkeersverwante probleem uit te sorteer was nog nooit so maklik nie!

Sorteer jou verkeersboetes maklik en goedkoop in die gemak van jou eie huis uit. Stuur 'n WhatsApp na 082 449 2274 vir meer inligting.

fines4u.co.za | cornelia@fines4u.co.za | 011 867 7331